Bergrivier Plaaswerker van die jaar.

Toespraak deur Minister Gerrit van Rensburg tydens die Bergrivier Plaaswerker van die Jaar Kompetisie

Datum: 27 Augustus 2009

Dames en Here, vriende en boere:

Dankie vir die geleentheid om vannaand met u te kan praat. Dit is altyd lekker om by boere uit te kom, en landbou is ook naby aan my hart. Dit is ook `n voorreg vir my om hier voor u te kan staan.

Vriende, ek wonder of u besef hoe belangrik die werk wat u doen werklik is. Ons leef in `n tyd waar die wêreld meer voedsel verbruik as wat dit produseer. Politici kan praat en ekonome kan voorspel en kerkleiers kan paai, maar as daar nie kos is nie, en mense raak honger, dan raak daardie mense onrustig...

U sorg vir voedsel sekuriteit in ons land deur die werk wat u verrig, en daarvoor sê ek vir u baie dankie.

Ek is opgewonde omdat u deelneem aan hierdie kompetisie. Dit sê vir my dat u strewe na `n beter lewe vir u en u families.

EK is opgewonde omdat u die tipe mense is wat gaan floreer in die Wes-Kaap se Ope Geleentheid Samelewing.

Wat bedoel ek met `n Ope Geleentheid Samelewing? Dit is `n samelewing waar `n man of vrou so ver kan vorder in die lewe as wat hulle bereid is om daarvoor te werk en waar niemand `n plafon op jou potensiaal plaas nie.

Die nuwe regering in die Wes-Kaap glo dat elke inwoner die vryheid moet hê om homself op te werk in die lewe. Jy gaan staan of val op jou eie meriete, en nie op die van jou konneksies nie.

Maar met hierdie vryheid kom ook verantwoordelikheid. Hier dink ek aan jong meisies wat kinders kry voor hulle skool klaarmaak. Dit staan jou vry om dit te doen, maar jy vernietig al jou toekoms geleenthede, en ook die van die kind, aangesien jy nog nie reg is om vir `n baba te sorg nie.

Ek dink aan die manne wat babas maak, maar dan nie die verantwoordelikheid van vaderskap wil aanvaar nie. Manne wat nie onderhoud betaal vir hul eie kinders nie.

En ek dink aan die manne en vroue wat hul hard verdiende loon uitmors en nie verantwoordelik bestuur nie.

Vryheid is inderdaad `n swaard wat na twee kante sny. Maar: Ek weet dat omdat u wat aan hierdie kompetisie deelgeneem het, u reeds u verantwoordelikhede vierkantig in die oë gekyk het.

U weet dat om voorentoe in die lewe te vorder harde werk en toewyding verg. Dit verg `n gevoel van trots en eienaarskap op jou werk.

Ek wil vir u sê dat elkeen van u wat vannaand hier is, is `n wenner. As Minister van Landbou is ek trots op u. Ons benodig u toewyding en vaardighede in die Wes-Kaap se landbou sektor.

My Departement op Elsenburg staan gereed met `n verskeidenheid van kursusse wat spesiaal gemik is op plaaswerkers. Ons staan ook reg vir u kinders wat skool suksesvol klaargemaak het. As u kinders het wat sterk in wiskunde en wetenskap is, sal ons beurse gee vir hul studies in landbou rigtings, en ek waarborg ook vannaand vir hulle werk in my Departement. Ons soek dringend veeartse, landbou ingenieurs en ekonome.

As hierdie tipe werke vir u vreemd of “te hoog” klink, wil ek hê u moet weer dink. Onthou wat ek vroeër gesê het oor die Oop Geleentheid Samelewing. U kinders kan universiteit of kollege toe gaan (dit is die geleentheid), maar dan moet hulle eers hard werk op skool (die verantwoordelikheid). U kan hulle help om hoogtes te bereik waarvan u nog net gedroom het, maar dan moet u as ouers die huislike omstandighede skep waar dit vir hulle moontlik is.

Die Oop Geleentheid Samelewing daag u uit om daardie vlammetjie wat binne jou bors brand, wat vir jou sê: “Ek kan beter doen”, om daai vlametjie toe te laat om na jou kop te gaan. En dan moet u begin glo dat u daadwerklik “beter kan doen”. Dit is hoe `n mens vorder van algemene werker tot `n toesighouer tot `n assistent bestuurder tot bestuurder en met bietjie geluk aan jou kant, tot `n trotse boer van jou eie plaas.

Ek sluit af deur vir u aantemoedig: Werk hard, droom groot, aanvaar u verantwoordelikhede, en die toekoms behoort aan u.

Kontak: Wouter Kriel, 021 483 4700